

Stry vir die Geloof



01

**Die verborgenheid wat
aan die kerk van vandag
openbaar is...**

dit wat nou aan die Liggaam
van Christus openbaar is...



Christian Truth Ministries
TEL:+27 (0) 43 7221520
Email:truthmin@mweb.co.za
www.truthmin.co.za



Stry vir die Geloof...

Die verborgenheid wat aan die kerk van vandag openbaar is

Studie 1 ondersoek die verborgenheid van dit wat nou aan die Liggaam van Christus openbaar is.

Content and teaching:

Published by Christian Truth Ministries – www.truthmin.co.za

Judas 1 : 3

Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.

In hierdie tye waarin ons leef is dit baie belangrik en van onskatbare waarde om te weet wat jy glo, maar ook om te stry vir dit waarin ons glo, naamlik vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. Die Woord van God is onveranderlik en dit is nie ons plek om daarvoor te debatteer of dit te wil "aanpas" nie. Ons is geroep om te veg vir die waarheid wat aan ons geopenbaar is deur Sy magtige Woord.

Hierdie reeks leringe poog nie om op die Woord uit te brei, of dit te verander, of om 'n bepaalde standpunt te verdedig nie, maar om liever die openbaring van die Woord weer te gee op 'n verstaanbare, bondige wyse, in gees en in waarheid (die belangrikste!).

Ons glo die Woord van God is die onfeilbare waarheid en alle aspekte van hierdie lering kom direk uit die Woord en word helder en duidelik uiteengesit, sodat die volheid van Christus Jesus beskikbaar is vir almal wat bereid is om hulle met volle oorgawe daartoe te verbind. So kan mens dan presies weet wat dit is waarin jy glo en met opregte oortuiging daarvoor stry.

Die onderwysing in hierdie reeks sal ongetwyfeld tot groot voordeel strek vir individue, asook vir die Liggaam van Christus. Dit kan ook deur u persoonlik gebruik word, as 'n kleingroep-studie, as 'n gemeente Bybelstudie, of as 'n boodskap aan die groter gemeente. Maak gerus kopieë en versprei hierdie leringe (gratis), maar hou asseblief by ons kopiereg ooreenkoms – druk en kopiëer die leringe in die uitlegformaat van hierdie dokument en moet geen logo's, bladuitleg en / of name verander nie. Ook mag geen kopieë verkoop word nie. Sou u verkies om eerder gedrukte kopieë te koop, kontak ons asb. by Christian Truth Ministries.

Mag God u ryklik seën terwyl u tyd spandeer in Sy Woord en in gebed en opreg, ywerig veg vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges.

Peter Michell

Christian Truth Ministries
www.truthmin.co.za

INHOUDSOPGAWE

STUDIE 1	4
DIE VERBORGENHEID WAT AAN DIE KERK VAN VANDAG OPENBAAR IS	4
Die bedeling vanaf Adam tot Noag:	5
Die bedeling vanaf Noag tot die Kruis:	6
Die bedeling vanaf die kruis tot vandag:	7
SKRIFVERWYSINGS IN STUDIE 1	8

STUDIE 1

Notas

DIE VERBORGENHEID WAT AAN DIE KERK VAN VANDAG OPENBAAR IS

In Openbaring sê die Woord van God *“Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde”*. Alles wat was en alles wat sal wees is uit God, volgens Sy goddelike wil en doel vir die mens. Anders as wat die wêreld dink, het God die mens gemaak vir Sy plesier, maar deur die eeue heen was dit altyd die mens wat van sy kant af gerebelleer het en die genade van God verwerp het, uit ‘n ongelowige, opstandige hart. Nogtans, vanwee Sy ontsaglike groot liefde vir elkeen van ons, het God aanhoudend Sy planne van barmhartigheid vir die mens gewys, volgens Sy goddelike en soewereine wil.

Van Adam af tot nou toe was God altyd baie duidelik in beheer en het Hy Sy planne aan die mens bekend gemaak. In Sy genade en barmhartigheid het Hy altyd beskik dat daar vir die mens ‘n uitweg is, ‘n manier om met Hom versoen te word, ‘n pad terug na Sy genadetroon, ‘n manier om gered te word en ‘n weg na die onverganklike, ewige erfdeel wat Hy so wonderbaarlik aan die mens bemaak het. Terwyl die mens die meeste van die tyd God se voorsiening verwerp het, het ons Hemelse Vader ons nooit gefaal of verlaat nie. In hierdie tydvak van die genade en liefde van God hou Hy aan om vir ons ‘n weg te baan om met Hom versoen te word deur Sy liefdevolle Seun, die Here Jesus Christus.

Wanneer ons die wonderlike dieptes van die Woord van God ontgin is dit ooglopend dat Hy Sy doel uitgewerk het deur al die eeue. Hieronder is ‘n vereenvoudigde illustrasie van God se werking met die mens van Adam af tot nou toe:



Die bedeling vanaf Adam tot Noag:

Van die tyd van Adam af tot die tyd van Noag is die mens uitgeskop uit die tuin van Eden en het in so 'n groot mate verval in sonde dat God in Sy hart gegrief was. Hy het bereken dat die mens nie in staat is om die sonde teë te staan met net sy gewete nie. God gee aan Noag noukeurige instruksies om 'n ark te bou en vertel hom van Sy plan om die aarde te oorfloed, omdat die sondigheid van die mense groot was op die aarde en elke voorneme van die gedagtes van hul harte gedurigdeur net sleg en onheilig was. God bring dan 'n groot watervloed oor die hele aarde om alle vlees onder die hemel, waarin die lewensasem is, uit te delg. Alles op die aarde het gesterf.

God bevestig dan Sy verdere doel met en verbintenis tot die mens deur 'n verbond met Noag te sluit, want Noag het genade gevind in die oë van die Here en die offer wat hy ná die vloed aan God offer is vir Hom 'n aangename geur, 'n aanneemlike offer.

Genesis 6 : 5,17; Genesis 9:9; Genesis 6:8,18; II Petrus 3:6-7

Ten spyte van die sondige toestand van die mens maak God tog 'n weg, 'n uitkoms, al was dit dan net agt wat dit betree het op die ou end. Maar vir God se reddingsplan om te werk, moes Noag die Ark bou volgens die plan wat God gemaak/gegee het. Hy moes hou by elke fyn detail van die plan sodat lewe behoue kon bly en God se plan onbelemmerd voortgaan. Vir 'n honderd jaar het Noag aanhou bou volgens die plan. God was gelukkig en tevrede daarmee en slegs Noag en sy gesinnetjie is gered – agt mense in totaal.

Genesis 6:14-16,22; I Petrus 3:20

Notas

Die bedeling vanaf Noag tot die Kruis:

Die mens verval wééreens in sonde. Sodom en Gomorra word verwoes weens hul onuitspreeklike boosheid en ons sien dat die mens nogsteeds nie sonde kan beheer met sy goeie voornemens of gewete nie. In hierdie bedeling spreek God sonde aan deur die Wet te bevestig met Moses as Sy instrument en alles word aan die hand van daardie Wet beoordeel, op die woord van twee of meer getuies. Om God se reddingsplan steeds te volbring moes Moses 'n tabernakel (heiligdom) bou waar offers gebring is en die Verbondsark gehou is. Die Leviete is deur God aangestel, onderrig en verklaar tot priesters om hierdie lewensnoodsaaklike amp namens die Israelietiese volk te vervul.

Exodus 36:3-4; Exodus 15:1-17; Exodus 25:2,8-11; Exodus 24:7-8; Exodus 34:27;
Hebreërs 9:1-13

God se verbond met Sy mense is nou gevestig en vervul in die Wet. Moses het baie noukeurige instruksies ontvang om die tabernakel presies volgens die plan te bou wat God hom gegee het – géén speling na hierdie kant of daardie kant, of enige kompromieë, is toegelaat nie.

Hebreërs 8:5

Salomo het ook opdrag ontvang om die tempel te bou volgens die patroon wat God gegee het. Daarin het God 'n heiligdom gevestig om by Sy mense te woon.

Exodus 25:8-9,40; Numeri 8:4; I Kronieke 28:11-12,19

Hierdie tempel (heiligdom) waar die Verbondsark gehou is, was die plek waar God aanbid is en waarvandaan Sy wette en bevele uitgevaardig is deur die priesters wat Hy aangestel het vir Sy mense, die Jode. Daar was géén ander kommunikasiemetode tussen God en die mense nie.

I Kronieke 22:9; II Kronieke 20:8

Notas

Die bedeling vanaf die kruis tot vandag:

In hierdie tyd van genade het God met die sonde afgereken op, en deur middel van, die kruis van Jesus Christus. God het nou Sy verbond met ons bevestig deur Jesus Christus en die verlossingswerk van die kruis van Golgotha.

I Korinthiërs 1:8; Galasiërs 6:14; Efésiërs 1:7; Efésiërs 2:16; Kolossense 1:20; Kolossense 2:14; Hebreërs 12:2

Daar word nou nie meer diere geoffer nie, maar God het eerder Sy eniggebore Seun, Jesus Christus, in ons plek geoffer. Sy plan is nogsteeds 'n werklikheid vandag. Hierdie plan was 'n verborgenheid wat van die begin van tyd af versteek was maar nou aan ons bekend gemaak is deur openbaring.

Matt 26:28; Markus 14:24; Romeine 5:9; Hebreërs 10:19; 13:20

Die heiligdom waar God nou woon en waar Sy wette, voorskrifte, bevele ens. openbaar word is die Liggaam van Christus, waar Hy by en in Sy kinders woon. Dít is waar hierdie verborgenheid openbaar word en Paulus maak dit baie duidelik dat ons, as Heidene, die verantwoordelikheid het om nou hierdie heerlike verborgenheid wat aan Sy kerk gegee is, uit te leef en daarin te bly wandel.

Romeine 2:14 – 16; Romeine 16:17,25-26; I Korinthiërs 2:1-7; Efésiërs 3:1-11; Kolossense 1:27; Filippense 3:17

Wat is hierdie verborgenheid? Dit is die plek waar die Here Jesus die Hoof is, waar ons almal Sy ledemate is en dus lede van mekaar en waar die Vader Sy wil bekend kan maak deur die vyf toerustende bedieninge van die verrese Christus – apostels, profete, evangeliste, herders, leraars. Die effektiewe werking van die Liggaam van Christus is opgesluit in verantwoordbaarheid teenoor die Hoof – Jesus Christus.

Efésiërs 4:11-17; Kolossense 1:17-19

Hierdie verborgenheid sal ontplooi en openbaar word in die liefde van die priesterdom van gelowiges wat hulself uitsluitlik aan Sy Woord onderwerp, terwyl hulle geleer en gelei word deur die Heilige Gees, met een doel voor oë, naamlik dat Jesus in alles en almal verheerlik sal word. Die mens se wysheid

Notas

of intellek kan hoegenaamd nie hierdie verborgenheid ontsluit nie. God het die dwase dinge, die minderwaardige dinge, dit wat nie is nie, gekies om die wyses te verbyster, sodat geen vlees homself sal kan verhef in Sy goddelike teenwoordigheid nie.

Notas

Efésiërs 1:22-23; I Korinthiërs 1:27-28

Die verborgenheid wat openbaar is, is die fondasie en bouprogram wat God gekies het om die kerk voor te berei vir die ewigheid saam met Sy Seun. Vandag is die grootste gevaar vir ons as die Liggaam van Christus, dat ons mislei sal word om 'n ander evangelieboodskap te glo, een wat meer "reg voel" of wat vir ons vlees meer gerieflik en aanvaarbaar is.

II Korinthiërs 11 :2-4; Galasiërs 1:6-9; Galasiërs 3:1-10; II Timótheüs 4:3-4

Die balansstaat van God se plan klop mooi; óns moet nou versigtig wees hoe ons daarop bou sodat God vir Homself 'n volk kan bou wat gereed is vir die ewigheid. Ons behoort te bid dat ons nederig mag bly en plek gee aan die Heilige Gees, en dat Jesus alleen al die eer en heerlikheid daarvoor sal kry wanneer ons ons gawes gebruik na die maat van ons bediening.

I Korinthiërs 3:10

SKRIFVERWYSINGS IN STUDIE 1

Alle Skrifverwysings in hierdie studie kom uit die Ou Afrikaanse Vertaling. Daar is 'n Engelse Bybel in die oorspronklike King James teks beskikbaar by die volgende skakel:

<http://www.kingstrust.co.za/Bible/tabid/83/Default.aspx>

